

# Les 26 – AAN DIE HERE KOM DIE LOF TOE

Maats lees: Rut 2-4

# Ark Blitz

Wat is 'n lossers?

Nadat Rut en Naomi in Betlehem aangekom het moes hulle hulle voete weer vind. Rut het by haar belofte gehou om Naomi by te staan en uitgegaan om koringare te gaan optel in die lande waar die mense geoes het. Sy het hard gewerk en deur die loop van die dag het sy by die deel van die land gekom wat aan Boas behoort het. Wat sy nie geweet het nie, was dat hy 'n ryk familielid van haar skoonma was. Boas het daardie middag juis vanuit die dorp, Betlehem, gekom om te kom kyk hoe dit daar op die lande gaan. Hy het vir Rut raakgesien en uitgevra na haar. Sy werkers het vir hom vertel dat dit Naomi se skoondogter is, en dat sy reeds die hele dag lank hard werk en net gou 'n bietjie rus. Boas het na Rut toe oorgestap en vir haar gesê om nie op die ander lande te gaan koring optel nie. Hy was soos die held wat Rut vir so lank al nodig gehad het. Hy het haar beskerm – die ander manne mag haar nie gepla het nie, en hy het gesorg dat sy genoeg te eet en te drink het. Rut het die aand na haar skoonma toe teruggekeer met 13 kg koringare en van die kos wat Boas aan haar gegee het. Sy kon ook nie wag om haar skoonma te vertel van die man wat so goed was vir haar nie. En groot was Naomi se verbasing toe sy hoor wie die weldoener is. Hy was een van hulle lossers. Een van die manne wat moes omsien na hulle welstand. 'n Held wat hulle uit hulle verknorsing kon help. Rut het aanhou koringare optel totdat die gars- en koringoes klaar was. Naomi en Rut het saam 'n plan beraam om met Boas te praat oor sy verantwoordelikheid as lossers. Rut het haar goed voorberei daarvoor – net haar beste voetjie voorgesit. Daardie aand het sy aan Boas gesê dat sy afhanklik was van hom, dat sy sy hulp nodig het en hom gevra om haar onder sy beskerming te neem. Boas was so opgewonde en bly toe Rut met hom daaroor praat. Hy sou enige iets doen om as haar lossers op te tree en om haar te help. Maar daar was een probleem ... volgens die lossers-wet was daar 'n ander man wat voor hom in lyn gestaan het om as haar lossers op te tree. Boas het onderneem om hom sommer die volgende dag te gaan opsoek en vir hom te vra om van sy lossers reg af te sien, sodat hy self haar lossers kan wees. Boas het die oggend vroeg dorp toe gegaan Boas het na die stadspoorte toe gegaan en gaan wag vir die ander lossers. Toe hy daar aankom het hy hom nader geroep om met hom te gesels. Boas het ook tien leiers van die stad saam genooi om alles wetlik te kon maak. Hy het aan die ander man (lossers) vertel wat die situasie is. Die lossers het aanvaar dat hy die land sal oorkoop. Boas skets toe vir hom die situasie dat hy nie net die land kan oorkoop sonder om ook die Moabitiese meisie Rut as sy vrou te neem nie. Die ander lossers was nie daarmee in sy skik nie en het sy lossers reg opgegee, wat aan Boas die vryheid gegee het om as Rut se lossers op te tree en haar as sy vrou te neem. Op soek na die ander lossers, nadat hy vir Rut 26 kg gars gegee het om terug te neem na haar skoonma. Boas en Rut is kort daarna getroud en die Here het hulle geseën met 'n babaseuntjie wat eendag die oupa van Dawid en die voorvader van Jesus sou wees. Naomi het die klein seuntjie van geboorte af aangeneem as haar eie. Haar hartseer het verander in vreugde, want die Here het vir haar weer 'n tuiste en 'n familie gegee.

Lede van 'n groter familiegroep was onder wetlike verpligting om mekaar te help en te beskerm = Lossingsreg (Lev. 25:23-55) beskryf. Die doel was dat individuele familieledes nie as gevolg van skuld hulle persoonlike vryheid of hulle familiegrond permanent moes verloor nie. Wanneer iemand se finansiële verpligtinge so groot was dat hy sy grond of homself as slaaf moes verkoop, het hy 'n spesifieke familielid gevra om as lossers vir hom op te tree. So 'n lossers moes dan die grond koop of die geld voorsien dat die familielid wat hulp nodig gehad het, dit aan hom kon terugbetaal. Daar was 'n bepaalde volgorde binne 'n familie waarvolgens die persoon as lossers aangewys is. 'n Persoon kon egter, sonder dat hy verkwalik word, sy verpligting om as lossers op te tree na iemand anders laat oorgaan.

